

## HOOFSTUK 1

### ORIËNTERING TOT DIE STUDIE

- 1. INLEIDING**
- 2. BELANG VAN HIERDIE STUDIE**
- 3. PROBLEEMIDENTIFISERING**
- 4. PROBLEEMSTELLINGS**
- 5. KONSEPTUALISERING**
- 6. KONSEPTUELLE RAAMWERK**
- 7. DOEL VAN DIE ONDERSOEK**
- 8. BENADERING TOT DIE STUDIE**
- 9. NAVORSING EN NAVORSINGSBEVINDING**
- 10. AANNAMES**
- 11. SLOTOPMERKING EN AANBIEDING**

## HOOFSTUK 1

# ORIËNTERING TOT DIE STUDIE

### 1 INLEIDING

Hierdie studie het ten doel om eerstens die waardes, waarde-oriëntasies en waardeterreine van jong volwassenes, naamlik vroulike verpleegkundiges, uit verskillende Suid-Afrikaanse etniese groepe met bepaalde kulture te verken, te beskryf en verklarings te gee en tweedens om die oordra van waardes binne die gesin te verken, te beskryf en te verklaar.

Die gesinsekologiese perspektief soos Bubolz en Sontag (1993:424-426) dit uiteensit, sluit die gesinsekologiese terreine in en word as struktuur vir die waardeterreine in hierdie studie geneem. Die mensekologiese perspektief vorm die basis van die gesinsekologiese perspektief waarin die rol van die gesin en gesinslede die kern van die ekologie is (Bubolz & Sontag, 1993:420-425). Die gesinsekologiese perspektief word op bladsy 4 en 5 uiteengesit.

Die metodologiese ordening van hierdie studie vind binne die *PEC (problem, evidence and conclusion)* raamwerk van Mouton (1996:71) plaas. Die literatuurstudie dien as 'n teoretiese grondslag vir die probleemformulering (*problem*). Die data-insameling (*evidence*) en die resultate word in Hoofstukke 7 tot 9 weergegee. Die algemene gevolgtrekking (*conclusion*) word dus nie slegs aan die einde van die studie gedoen nie, maar geniet deurgaans aandag omdat die studie uit selfstandige eenhede wat elk sy eie gevolgtrekkings vereis, bestaan.

Die volgende konsepte is in hierdie studie ter sprake: gesinsekologie, kultuur, waardes (insluitend waarde-oriëntasies), gesinstake (insluitend ontwikkelingstake van gesinslede), gesin (as primêre groep waartoe die individu behoort) en die jong volwassene. Die volgende aspekte, van genoemde konsepte, is belangrik vir hierdie studie:

- Waardes en waarde-oriëntasies sluit twee aspekte in naamlik die waarde (belangrikheid) van die gesinsekologiese terreine sowel as die waardes (beginsels) vir die hantering van genoemde terreine (Duvall & Miller, 1985:9-10; Deacon & Firebaugh, 1988:28-51; Hattingh, 1991:41-78).
- Die term gesin word bo die van huishouding verkies omdat dit 'n wyd erkende term vir 'n natuurlike instelling is (Joseph, 2000) en omdat die deelnemers van hierdie studie tot 'n groot mate tot die tradisionele gesinsopset behoort.
- Hierdie studie fokus op waardes aangesien die handhawing, aanleer en ontwikkeling van waardes 'n basiese gesinstaak is (Duvall & Miller, 1985: 60).
- Ontwikkelingstake wat binne die huisgesin aangeleer word, ondersteun individuele ontwikkeling en manifesteer as waardegestuurde gedrag op die verskillende gesinsekologiese terreine (Duvall & Miller, 1985:51).
- Die jong volwassene het sekere waardes in haar gesin van oorsprong aangeleer wat haar eie waardesisteem help vorm het.
- Die kulturele agtergrond van die jong volwassenes word in ag geneem, omdat kulturele voorskrifte onder andere die belangrikheid van die gesinsekologiese terreine sowel as die beginsels wat op hierdie terreine funksioneer, kan beïnvloed (Scupin, 1998:36-39).

## ORIËNTERING TOT DIE STUDIE

### 2 BELANG VAN HIERDIE STUDIE

Suid-Afrika is 'n multi-kulturele nasie wat uit verskeie etniese groepe met elk sy eie kultuur en gevvolglik eie waardeprioriteite, waarde-oriëntasies en waardesisteem bestaan. Persone van dieselfde etniese groep redeneer en tree dan op vanuit 'n bepaalde waardeoortuiging (Kok, 1992) wat van een generasie na die volgende generasie oorgedra word. Die politieke verandering en tegnologiese ontwikkeling het verhoogde kontak tussen verskillende etniese groepe gebring. Om die samewerking tussen die etniese groepe te laat slaag is dit nodig om kennis en begrip vir optredes te hê. Daarom is waardegestuurde optredes belangrik.

'n Verdere belang van hierdie studie is die rol wat waardes in verbruikersgedrag speel. Omdat waardes gedrag tot 'n groot mate bepaal, kan daar aanvaar word dat die individu as lid van 'n etniese groep 'goedere en dienste' op 'n bepaalde waardegestuurde wyse sal hanteer. Kennis en begrip van waardes en waarde-oriëntasies kan lei tot die verklaring en voorspelling van verbruikersgedrag.

Die verdere belang van hierdie studie en die rol van die verbruiker kom in die probleemidentifisering na vore.

### 3 PROBLEEMIDENTIFISERING

Die probleemidentifisering vir hierdie studie geskied binne die terreine van die gesinsekologie, met spesiale klem op die interaksie van kultuur, gesin en individu (jong volwassene). Die problematiek waarteen hierdie konsepte gesien moet word, is omvangryk en slegs enkele hedendaagse situasies word kortlik genoem:

- Verstedeliking en 'n verhoogde bevolkingsgroei is 'n wêreldwyre verskynsel en plaas druk op die hulpbronne van die natuurlike omgewing van die gesin (Grieve, 1987:251-255). Die volgende voorbeeld kan genoem word. Die verhoogde aanvraag na natuurlike hulpbronne soos water, in 'n bepaalde stedelike gebied, bring mee dat water en gevvolglik die natuurlike ekologie as waardeterrein, toenemend 'n waardeprioriteit in die betrokke gebied raak.
- Olivier, Bodenstein en Jansen (1994:250) noem dat Suid-Afrika sy tegnologie moet verbeter om kompeterend in die wêreldmark (globale gesinsekologie) te wees. Waardes wat verband hou met die tegnologie moet gevvolglik meer aandag kry en van groter belang word.
- Die afgelope jare het daar fundamentele sosiale verandering binne Suid-Afrika plaasgevind (Sedibe, 1995:4) waarvan die volgende belangrik is. Eerstens as gevolg van die opheffing van die apartheidswette kom etniese groepe meer op verskillende terreine met mekaar in kontak wat meer kennis van onder andere mekaar se kultuur soos gedragsreëls, waarde-oriëntasies en waardes vereis. Tweedens deur kulturele kontak kan akkulturasie plaasvind (Els, 1993:23). Dit kan daartoe lei dat individue uit dieselfde kultuur of selfs gesin van mekaar vervreemd raak. Waarde-oriëntasies, waardes en gebruikte wat deur 'n ouer geslag as belangrik beskou is, kan deur 'n jonger geakkultureerde geslag verwerp word. Derdens wanneer Derde Wêreld kulture hulle in 'n Eerste Wêreld lewensfilosofie, waardeprioriteite en gebruikte bevind, moet sekere aanpassings gemaak word. Hierdie situasie manifesteer binne die Suid-Afrikaanse opset (Naudé, 1999).

## ORIËNTERING TOT DIE STUDIE

- Wanneer die gemeenskap veranderinge en probleme ervaar kan dit na die gesin oorgedra word. Gevolglik ervaar die gesin, as gemeenskap in die kleine, ook hedendaags bepaalde probleme en die volgende is van belang. Nuwe leefstyle, verandering in waardeprioriteite en 'n kwesbaarheid op verskillende maatskaplike terreine spoel oor na die hedendaagse Suid-Afrikaanse gesinne (Nortjé, 1993:68-69). Een van hierdie kwesbaarhede is onder andere waardekonflikte en waardeverwarring.
- Die jong volwassene kan aanpassingsprobleme ondervind indien haar ouerhuis nie die nodige stabiliteit verleen het nie. Die belangrike rol wat die ouer in die oordra van waardes, sosialisering en ondersteuning gee, help die kind en jong volwassene om makliker by haar omgewing (gesinsekologie) aan te pas (Weeks, 1988:2.27; Heath, 1995:162). Wanneer gesinsverbrokkeling plaasvind, verskraal of verdwyn hierdie belangrike rol van die ouer.
- Wat die veranderde Suid-Afrikaanse situasie betref, bevind die jong volwassene (soos die volwassenes) haar in 'n situasie met 'n verhoogde tegnologiese ontwikkeling, lewenstempo, onsekere toekoms, werkloosheid en toename in informasie (Olivier, Bodenstein & Jansen, 1994:250-254). Genoemde situasies kan 'n her-evaluering van waardeprioriteite vereis.
- Die hedendaagse religieuse tendense is ook belangrik en die volgende voorbeeld kan uitgelig word. Crafford (1991:512-520) meen dat die moderne wêrelde- en godsdiensbeskouing die inheemse swart etniese groepe in Afrika en Suid-Afrika se ordelike tradisionele gesagstruktuur (insluitend die in die gesin) negatief kan beïnvloed aangesien dit tot verwarring kan lei. Die belangrikheid van outoriteit (gesagstruktuur) as gesinsekologiese waardeterrein kan dus beïnvloed word.

## 4 PROBLEEMSTELLINGS

Vanweë die omvangrykheid van die problematiek op die gesinsekologiese terreine, word die studieveld van hierdie voorlegging afgebaken deur die volgende probleemstellings:

1. Watter gesinsekologiese waardes is prioriteit vir bepaalde jong volwassenes uit verskillende Suid-Afrikaanse etniese groepe?
2. Wie en watter gesinsekologiese waardes word volgens bepaalde jong volwassenes uit verskillende Suid-Afrikaanse etniese groepe, binne die gesin oorgedra?

Bogenoemde probleemstellings kan verder in subprobleme uiteengesit word, wat as doelwitte hanteer word. Wanneer die doelwitte gestel word en daar oorgegaan word tot operasionalisering, sal die omvang van bogenoemde probleemstellings na vore kom. Op hierdie stadium is dit belangrik om oor te gaan tot konseptualisering.

## 5 KONSEPTUALISERING

Die volgende konsepte word gedefinieer en kortliks omskryf. Verder word daar na onderskeie aannames verwys. Hoe hierdie studie deur sommige van die aannames beïnvloed word, sal ook kortliks genoem word.

## ORIËNTERING TOT DIE STUDIE

### 5.1 Gesinsekologiese perspektief

Die gesinsekologiese perspektief fokus op die gesin as biologiese en sosiale wese wat in interaksie met sy omgewing is.

Die volgende aannames ten opsigte van die gesinsekologiese perspektief kan gegee word:

- Volgens Bubolz en Sontag (1993:419) verwys die gesinsekologie na verskillende terreine soos die fisies-biologiese, sosiaal-kulturele/tegnologiese/mensgemaakte terreine waarby die mens betrokke kan wees. Die metafisiese terrein sou ook hierby ingesluit kon word. Hierdie betrokkenheid impliseer wedersydse beïnvloedings tussen die individu as mens en sy gesinsekologiese terreine (O'Riordan, 1976:1-32; Wohlwill, 1976:37-79; Bechtel, 1987:191; Viljoen, Van Staden, Grieve & Van Deventer, 1987; McAndrew, 1993). Hierdie aspek sal in die studie duidelik word.

Hierdie gesinsekologiese terreine kan menslike gedrag beïnvloed deur dit te inisieer en/of te beperk (Bubolz & Sontag, 1993:426). Die gesinsekologiese perspektief kan intra- en interpsigiese, asook eksterne faktore tot die individu insluit wat verder in Hoofstuk 5 bespreek word.

Benewens die interafhanklikheid tussen die individu en die ekologiese terreine is die gesin ook by hierdie interafhanklikheid betrek. Daarom kan die volgende aanname gemaak word:

- Daar is 'n interafhanklikheid tussen die gesin en sy fisies-biologiese-, sy mensgemaakte/tegnologiese/sosiaal-kulturele gesinsekologiese terreine (Bubolz & Sontag, 1993: 424-426). Die volgende belangrike afleidings vir hierdie studie word hieruit gemaak.

Die gesin is deel van 'n ekosisteem (Bubolz & Sontag, 1993:425). Daar is dus 'n wisselwerking (wendersydse beïnvloeding) tussen die gesin en die gesinsekologiese terreine. Hierdeur beïnvloed die verskillende gesinsekologiese terreine die gesin se waardes en andersom en kan die belangrikheid van gesinsekologiese waardes uit gedrag of gedragsintensies afgelei word. Sodoende word 'n holistiese benadering geïmpliseer wat nie uit die oog verloor moet word nie. Verder word die gesin (met sy onderskeie lede) gesien as die draer en instandhouer van onder andere die fisies-biologiese en sosiaal-psigologiese funksies. Omdat die gesin deel is van 'n gemeenskap is dit egter nie net die gesin wat hierdeur gedien word nie, maar ook die etniese groep, gemeenskap en soms die samelewning. Die gesin se waardes kan dus met die etniese groep, samelewning en/of gemeenskap se waardes ooreenstem. As gevolg van hierdie interafhanklikheid van alle mense, van onder andere die aarde se bronne (Berger & Berger, 1972:335; Bubolz & Sontag, 1993:425), het elke samelewning, gemeenskap, etniese groep, gesin en individu beperkings en geleenthede (Bubolz & Sontag, 1993:426). Die besitting van grond bied die voordele en geleenthede van 'n eie territoriale gebied vir 'n gesin, maar kan ook vrye toegang van buitestaanders beperk. Verder vereis interafhanklikheid 'n gesonde gesinsekologiese toestand, waardegestuurde doelstellings, keuses en optredes deur individue, gesinne, etniese groepe, gemeenskappe en samelewings. Die belangrikheid van bogenoemde interafhanklikheid kan in die meting van prioriteite van gesinsekologiese waardeterreine en waarde-oriëntasies na vore kom.

Triandis (1994:22) verwys na 'n ketting met skakels wat ontstaan tussen die gesinsekologie en gedrag en illustreer dit op die volgende wyse:

## ORIËNTERING TOT DIE STUDIE

Ekologie → kultuur → sosialisering → persoonlikheid (individu) → gedrag.

Uit hierdie voorstelling is dit duidelik dat Triandis die afleiding maak dat die ekologie (gesinsekologie) en kultuur uiteindelik gedrag beïnvloed. Die omgekeerde, naamlik dat die individu se gedrag kultuur en die gesinsekologiese kan beïnvloed, is ook waar en dui die interafhangklikheidsaspek van die gesinsekologie aan. Om hierdie interafhanglike wisselwerking te illustreer kan Triandis se ketting met skakels soos volg vertoon:

Ekologie ↔ kultuur ↔ sosialisering ↔ persoonlikheid (individu) ↔ gedrag.

- Klem word gelê op die prosesse van skep, gebruik en bestuur van omgewingsbronne en vereis kreatiewe aanpassings, menslike ontwikkeling en die instandhouding van die gesinsekologiese terreine (Fion, 1976:8; Bubolz & Sontag, 1993:424). Hierdie prosesse vorm deel van die individu as lid van die gesin se daagliks lewe (Bubolz & Sontag, 1993:424,426).

Waardes en waarde-oriëntasies het 'n invloed op die gebruik en bestuur van die gesinsekologiese terreine. Die bepaling van waardeprioriteite kan dus aandui watter gesinsekologiese waardeterreine moontlik voorkeur geniet. Die manier hoe die mens sy waardes en waarde-oriëntasies gebruik en bestuur kan 'n weerspieëeling van sy kultuur wees. Kultuur is dus 'n bepaalde wyse van bestuur en die maak van aanpassings van binne die gesinsekologie.

- Omdat die gesinsekologiese perspektief die aandag op die mens as biologiese en sosiale wese wat in interaksie met sy gesinsekologiese terreine plaas, kan verskeie dissiplines by hierdie perspektief betrek word (Bubolz & Sontag, 1993:424-426). Die natuurlike gesinsekologiese terrein is gerig op die biologiese en fisiese terwyl die menslike te make het met die mensgemaakte en sosiaal-kulturele terreine.

In hierdie studie word verskeie dissiplines betrek en sal ook in hierdie hoofstuk aandag kry.

- Die gesinsekologiese perspektief is 'n algemene teorie en kan gebruik word om 'n wye reeks van probleme te hanteer en daarom kan dit gebruik word vir gesinne van verskeie gesinsvorme, etniese verskille, ontwikkelingsfases en lewensomstandighede (Bubolz & Sontag, 1993: 424).

Verskillende gesinsvorme, etniese verskille, die jong volwassene en kontekstuele omstandighede vorm belangrike aspekte van hierdie studie. Die konteks is belangrik wanneer gedragsevaluering van persone gemaak word aangesien 'n bepaalde konteks gedrag kan beïnvloed (Jordaan & Jordaan, 1988:50-62). Om hierdie rede word gedrag in hierdie studie en spesifieke waardegekoppelde gedrag binne 'n bepaalde konteks geëvalueer. Verder werk die gesinsekologiese perspektief met sekere konsepte wat wesenlik vir hierdie studie is. Dit is onder andere die volgende: waardes, gesin met sy verskillende lede, kultuur en ekologie. Die betrokkenheid van hierdie konsepte sal in hierdie studie duidelik word.

Hattingh (1991) se tipologie van twintig waardes, word vir die doel van hierdie studie, as die gesinsekologiese waardeterreine beskou en word in Hoofstuk 2 uiteengesit. Genoemde tipologie sluit aan by die gesinsekologiese perspektief aangesien dit die verskillende terreine van die ekologiese perspektief akkomodeer.

## ORIËNTERING TOT DIE STUDIE

### 5.2 Waardes

Daar is verskeie definisies van waardes. Hattingh (1991:41-78) haal 145 definisies aan. Die volgende definisie is saamgestel uit verskeie definisies en bevat die twee essensiële eienskappe, naamlik voorkeurgedrag en waarde van 'n objek, wat vir hierdie studie van belang is. In Hoofstuk 2 word waardes meer volledig omskryf.

Waardes is 'n diepliggende voorkeurgedrag en verwys ook na die waarde van 'n objek.

Verdere konsepte rondom waardes word ook in Hoofstuk 2 bespreek. Die aard en funksie van waardes soos Rokeach (1973:3-25), Coertze (1979:2) en Hattingh (1991) dit verduidelik, sowel as die aannames wat daaruit voortspruit, is van belang vir hierdie studie en kry ook duidelik in Hoofstuk 2 aandag.

### 5.3 Kultuur en etniese groep

Etniese groep is daardie groep persone wat van ander groepe op grond van kultuur onderskei kan word. In hierdie studie word verskillende etniese groepe elk met 'n bepaalde kultuur betrek. Daarom is dit nodig om kultuur te definieer. 'n Definisie wat volgens Kok (1992:25-26) die essensie van kultuur is en ook by hierdie studie aanklank vind, is:

"Kultuur is die geheel van menslike skeppinge, materieel of geestelik, wat deur 'n volk ontwikkel word gedurende 'n proses van aanpassing by sy omgewing."

Die belangrikheid en die hantering van verskillende gesinsekologiese terreine sal dus deur 'n etniese groep se kultuur beïnvloed word. Die onderlinge beïnvloeding tussen die verskillende kulture is ook van belang en word in Hoofstuk 3 bespreek.

### 5.4 Gesin

Vir die doel van hierdie studie is sosialisering van die kind as gesinsfunksie belangrik omdat dit onder meer die oordra van waardes impliseer. Eshleman (1993:2) se definisie van die gesin is gekies omdat dit hieraan voldoen en is die volgende:

Die gesin as sosiale instelling sentreer rondom intieme verhoudings en behoort onder meer die onderlinge verwagtings (funksies) van voortplanting en sosialisering van kinders te vervul.

#### 5.4.1 Gesinstake en ontwikkelingstake

Ander belangrike konsepte wat in gesinsverband ter sprake is, is gesins- en ontwikkelingstake. Deur middel van gesinstake kan waardes binne die gesin oorgedra word en deur ontwikkelingstake kan die individu waardes internaliseer. Basiese gesinstake is volgens Duvall en Miller (1985:60) take wat noodsaaklik is vir die oorlewing en voortsetting van 'n gesin. Ontwikkelingstake is take wat uit 'n sekere lewensfase van die individu voortspruit (Duvall & Miller, 1985:47).


## ORIËNTERING TOT DIE STUDIE

### 5.5 Jong volwassene

Jong volwassenes verwys na 'n bepaalde lewenstadium (Havighurst, 1972) wat val tussen die ouderdom van 18 tot 30 jaar en reeds bepaalde ontwikkelingstake voltooi het. In hierdie studie sal die jong volwassenes vroulike verpleegkundiges wees.


## 6 KONSEPTUELE RAAMWERK

Die konseptuele raamwerk verbind die verskeie konsepte aan mekaar. Die jong volwassene word gesien as gesinslid en lid van 'n etniese groep. Onderstaande figuur is voorbeeld van die verwantskap van die konsepte binne 'n etniese groep. Daar is deurlaatbare grense tussen die gesinsekologiese terreine en ook na die gesin.



**FIGUUR 1.1: KONSEPTUELE RAAMWERK**

Figuur 1.2 wys 'n segment deur die 20 waardeterreine en hoe dit na die jong volwassene as gesinslid vloei. Die waardeterrein 'verhoudings' word as voorbeeld genoem.



**FIGUUR 1. 2: SEGMENT VAN DIE KONSEPTUELE RAAMWERK**

## ORIËNTERING TOT DIE STUDIE

### 7 DOEL VAN DIE ONDERSOEK

Na aanleiding van die bespreekte problematiek rondom waardes, etniese groepe, jong volwassenes en dies meer, kan primêre doelwitte vir hierdie studie gestel word:

- Om die gesinsekologiese waardeprioriteite binne die waardesisteme van bepaalde jong volwasse vroulike verpleegkundiges, uit verskillende Suid-Afrikaanse etniese groepe, te verken, te beskryf en moontlike verklarings daarvoor te kan gee.
- Om die rol van gesinslede in die oordra van mens ekologiese waardes (en waarde-orientasies) van bepaalde jong volwasse vroulike verpleegkundiges, uit verskillende Suid-Afrikaanse etniese groepe, te verken en te beskryf.

Die sekondêre doelwitte vir die studie is die volgende:

- Om deur middel van persoonlike onderhoude vas te stel wie watter gesins- en ontwikkelingstake (wat aan waardeterreine gekoppel is) aan bepaalde Tswana en Afrikaanssprekende Blanke jong volwasse verpleegkundiges oorgedra het (kyk Hoofstuk 6).
- Om demografiese faktore soos sosio-ekonomiese status, woonarea en gesinsamestelling van die gesin van oorsprong van die bepaalde jong volwasse vroulike verpleegkundiges, uit verskillende Suid-Afrikaanse etniese groepe, te bepaal. Hieruit kan moontlike verklarings vir waardeprioriteite en die oordra van waardes gegee word.
- Om 'n metingskaal van gesinsekologiese waardes (met sekere waarde-orientasies) vir bepaalde jong volwasse vroulike verpleegkundiges, uit verskillende Suid-Afrikaanse etniese groepe te ontwikkel.
- Om uit die genoemde metingskaal vas te stel of 'n bepaalde gestelde konteks (situasie) gesinsekologiese waardeorientasies van bepaalde jong volwasse vroulike verpleegkundiges, uit verskillende Suid-Afrikaanse etniese groepe, moontlik kan beïnvloed. In die metingskaal word verskillende kontekste gestel wat moontlik waardeprioriteite kan beïnvloed (kyk Hoofstukke 6 & 8).
- Om ten opsigte van genoemde studieretreine 'n teoretiese en metodologiese bydrae te maak.

### 8 BENADERING TOT DIE STUDIE

In die benadering tot die studie is die gesinsekologie perspektief en die betrokke dissiplines van belang. Die aanname van die perspektief is reeds bespreek en daarom word slegs die implementeringsmoontlikhede van die perspektief kortlik genoem.

#### 8.1 Implementeringsmoontlikhede van die gesinsekologie perspektief

Die gesinsekologie kan die gesin opveral drie terreine dien naamlik, opvoeding, dienslewering en navorsing (Westney, 1993:449). Opvoeding is veral belangrik omdat dit aan die oordra van waardes gekoppel kan word. Dienslewering kan aan die versorgende rol wat die vrou in die gesin vertolk gekoppel word. Volgens Westney (1993:449-450) bied die gesinsekologiese perspektief verder nog die volgende navorsingsmoontlikhede van onder andere 'n rasional vir die ondersoek na ekologiese veranderlikes, 'n ontwerp en die identifisering van dissiplines wat betrokke is by die ekologie van die gesin.

## ORIËNTERING TOT DIE STUDIE

Die gesinsekologiese perspektief word reeds in verskillende dissiplines soos die huishoudkunde, psigologie en antropologie as teoretiese raamwerk gebruik (Bubolz & Sontag, 1993:420-421). Trollip (1991), Bubolz en Sontag (1993:421), Smaling (1994) en De Klerk (1995:42) se studie wys daarop dat verskeie versoenbare perspektiewe en dissiplines in wetenskaplike studies gebruik word. Gesinstudie, soos die huishoudkunde (verbruikerswetenskap) dit interpreteer, die sosiale psigologie en die kulturele kennis soos veral die antropologie dit interpreteer, is gebruik om die teorie en navorsing in hierdie studie te verryk.

### 8.2 Interdissiplinêre benadering

Die kompleksiteit van die individu, sy etniese groep en gemeenskap waarin sy funksioneer vereis 'n holistiese benadering tot die navorsing. Volgens Gasparikova, Bakos, Pillay en Prinsloo (1996:9) asook Miller en Browning (1999:596) is 'n interdissiplinêre benadering nodig om die gemeenskaps- en/of samelewingsfenomene beter te verstaan.

Die studie is onder andere vanuit 'n verhoudingsoogpunt onderneem. Hierdie verhoudings is tussen die jong volwassene as gesinslid en lid van 'n bepaalde etniese groep en die verskillende gesinsekologiese terreine waarop sy beweeg. Klem is veral op die medemenslike verhoudings gelê. Gevolglik was gesinstudie en die sosiale psigologie by uitstek geskik om menslike verhoudings te verken. Die sosiale psigologie fokus op die gedrag van die individu, die invloed van haar sosiale (kulturele) en gesinsekologiese omgewing (Baron & Byrne, 1997:8-12). Triandes (1994:15) bevestig hierdie siening (kyk p.5). Die sosiale psigologie het onder ander wortels in die sosiologie en antropologie. Volgens Jordaan en Jordaan (1984:40) en Oskamp (1984) is dit nodig dat die sosiale psigologie uitkring, sodat ander terreine van die psigologie, sowel as ander dissiplines, ook aangeraak word. Die antropologie bied moontlikhede om die konsep kultuur as sosiale gegewenheid beter te begryp en daarom is daar ook van hierdie dissipline gebruik gemaak. Bohman (1993:146-149) meen dit is belangrik om die individu te ken om sodoende die groep van individue (byvoorbeeld etniese groep) te verstaan. Hierdie siening bevestig dat die individu met bepaalde waardes nie los van haar samelewing (Joubert, 1964) of etniese groep met haar bepaalde kultuur bestudeer kan word nie en dat die psigologie, antropologie en sosiologie vervleg is.

Waardes is dus 'n motivering vir gedrag (Kluckhohn, 1954:388-433; Prinsloo, 1983:17) en is veral gekoppel aan die kulturele oortuigings van die gemeenskap. Die etniese groep se waardes en waarde-oriëntasies sowel as ontwikkeling of oordra daarvan binne die kulturele konteks, is belangrik en daarom word die insette van die antropologie ten opsigte van kultuur erken.

Omdat daar verskillende etniese groepe met verskillende waardes binne 'n samelewing is, is dit nodig om na ooreenkomsste en verskille tussen die etniese groepe se waardes sowel as die oordra van waardes te kyk. Volgens Eshleman (1994:76) speel die huisgesin 'n primêre rol in die oordra van waardes. Dit is vanweë hierdie funksie van die gesin dat gesinstudie, as deel van huishoudkunde, 'n belangrike komponent is.

Die dissiplines wat dus by hierdie studie nou betrokke is, is gesinstudie en die sosiale psigologie. Eersgenoemde baken die waardes en die oordra van waardes as gesins- en ontwikkelingstaak af, terwyl laasgenoemde analises en interpretasie van individue se verklarings en keuses rig. Die antropologie gee ondersteuning op teoretiese gebied ten opsigte van etniese groepe se waarde-oriëntasies.

## ORIËNTERING TOT DIE STUDIE

### 9 NAVORSING EN NAVORSINGSBEVINDINGE VAN VERWANTE STUDIES

Die besondere probleme van die Suid-Afrikaanse situasie rondom kultuur en gesinne is reeds uitgewys. Daar word dus net kortlik na verwante studies wat reeds onderneem is verwys om sodoende moontlike leemtes en behoeftes uit te wys.

‘n Volledige uiteensetting van studies oor waardes in Suid-Afrika, sowel as in die buiteland, is egter ‘n probleem, aangesien nie alle studies in ‘n sentrale data-inligtingsbron gepubliseer word nie. Tweedens gaan bekende navorsingsinstansies op hierdie stadium nie voort met die opdatering van die jongste navorsing nie. Derdens is buitelandse publikasies nie altyd beskikbaar nie en inligting wat wel beskikbaar is, word soms nie volledig weergegee nie. Daar is dus besluit om slegs studies, binne die Suid-Afrikaanse konteks, hier te rapporteer. Suid-Afrika het ook ‘n unieke samestelling van etniese groepe met bepaalde kulture en kan nie juis vergelyk met navorsing uit ander lande nie.

Die Nexus program is hoofsaaklik vir die opspoor van die navorsing gebruik. Huidige sowel as voltooide studies is in die genoemde program gemeld, maar navorsingsmetodes en bepaalde ondersoekgroepe of deelnemers is selde gemeld. Die volgende inligting is vir hierdie studie van belang aangesien dit verband hou met die doel en terreine van hierdie studie, asook om leemtes en tekorte aan te toon wat in die huidige studie aangespreek word. Sommige van hierdie studies word weer na verwys.

#### Gesinne

- In Harvey (1992) se studie van die Suid-Afrikaanse gesinne van 1930-1986 sluit hy verskillende etniese groepe in. Hierdie groepe word tradisioneel as Blankes, Kleurlinge, Indiërs en Swartes gegroepeer. Aangesien hierdie etniese groepe aan verskillende omstandighede blootgestel was, het dit tot belangrike verskille geleid. Dit is veral ten opsigte van gesinsamestellings en waardes. Wanneer daar na ‘n spesifieke groep, byvoorbeeld jong volwassenes, se waardes in Suid-Afrika verwys word, is dit van groot belang om etniese groepe meer spesifiek te definieer en dan te bestudeer.
- Moodley (1993) het ‘n studie oor die behoud van Hindu waardes binne gesinsverband onder die Indiërs gedoen. Daar is veral na die rol van die ouer geslag gekyk en die belangrikheid van die oordra van kulturele waardes deur die ouers word beklemtoon (Moodley, 1993). Hierdie studie kan moontlik aansluiting vind by die beoogde studie wanneer daar na die oordra van waardes gekyk word.
- Hendrikz (1993) het die waardes en norme in die funksionele kultuurfase bepaal. Die invloed van volwassenes en die belang van die gemeenskap se rol in opvoeding is benadruk.

#### Etniese groepe se waardes

- Pitso-Motlabane (1993) het die lewensaardes van Westerse Swart professionele persone in Soweto bestudeer. Vergelykings is egter nie met ander kulture getref nie.
- Craffert het ‘n studie ten opsigte van onder andere menslike waardes en die omgewing gedoen (Fiedeley, Craffert & Marais, 1998).
- Van Wyk het in 1997 begin met ‘n studie ten opsigte van menslike waardes, persepsies, houdings en die omgewing (Nexus, 2000).
- Risenga (1997) het ‘n studie ten opsigte van onder andere waardes van Shangaans in die Noordelike Provincie gedoen.

## ORIËNTERING TOT DIE STUDIE

### Kruis-kulturele studies

- Nell (1969) se studie het die ontwikkeling van waardes in Afrikaans- en Engelssprekende jong adolessente ondersoek. Verskille is tussen die groepe gevind.
- Michalopoulos (1992) het 'n program ontwikkel om die mate van kulturele assimilasie tussen jong adolessente in 'n multi-kulturele Suid-Afrikaanse situasie, te ondersoek.
- Theron (1993) het 'n kruis-kulturele studie gedoen om die beroepsverwante waardes in die mynindustrie te bepaal. Veranderlikes soos taal, geloof, opleidingspeil, jare van formele skoolopleiding, inkomste, beroepsvlak, ouderdom, land van oorsprong en etnisiteit was die afhanglike veranderlikes. Verskille is wel gevind.
- Hugo en Van Vuuren (1995) het 'n kruis-kulturele studie gedoen om beroepswaardes en morele beredenering van 182 Blanke en Swart ongegradueerde te bepaal. Verskille tussen die groepe se beroepswaardes is bepaal.

### Jong volwassenes

Codrington (1999) het onder ander behoeftes, vrese en belang van jongmense in Suid-Afrika ondersoek. In hierdie studie sal daar na sy bevindings verwys word.

Bogenoemde studies het die behoefte en belangstelling aan navorsing oor waardes en kultuur beklemtoon. In die navorsing ten opsigte van jong volwassenes, gesinsekologiese waardes sowel as die multi-kulturele dimensie is daar egter leemtes.

### Metodologie en metodes

Beide kwalitatiewe en kwantitatiewe navorsingstyle word in sosiale navorsing gevind. In plaas daarvan om te vra watter navorsingstyl, paradigma, -metodes en – tegnieke gebruik word vir die sosiale wetenskappe, moet die vraag eerder gevra word watter van genoemde aspekte sal die epistemologiese en ontologiese dimensie van die bepaalde navorsing die beste dien? Hierdie vraag impliseer dat die teorie die praktyk dien en nie andersom nie. Na aanleiding hiervan en die huidige denkritzings is daar besluit om van 'n kwalitatiewe- sowel as die kwantitatiewe navorsingstyle te gebruik. Die gebruik van beide style word deur die volgende navorsers aanbeveel:

- Meer as een navorsingstyl word gebruik om kruisvalidasie (*triangulation*) te bevorder (Bechtel, Marans & Michelson, 1987:1-6; Smaling, 1994).
- Die metodes moet aanpas by die navorsingsvrae. Mouton (1996:40) noem dat die kwalitatiewe en kwantitatiewe navorsingstyle saam gebruik word om 'n spesifieke navorsingsprobleem op te los. Alasutari (1996:2) sluit hierby aan en noem dat in kulturele studies die konsep van *bricolage* van toetassing is en gee die volgende beskrywing daaraan: "... one is pragmatic and strategic in choosing and applying different methods and practices."
- Verder meen Alasutari (1996:6) dat kwantitatiewe en kwalitatiewe navorsingstyle op dieselfde kontinuum lê, dit wil sê die een kan aanvullend tot die ander wees.

In hierdie studie word die interpretatiewe en die empiries-analitiese paradigmas as inslag gebruik wat die ruimte skep om kwalitatiewe en kwantitatiewe navorsingstyle onderskeidelik, te benut.

## ORIËNTERING TOT DIE STUDIE

### 10 AANNAMES

Eerstens aanvaar die navorser dat die gesinsekologiese perspektief en die waarde tipologie van Hattingh (1991) die beste keuse vir hierdie studie is. Verder aanvaar die navorser dat die deelnemers deurentyd eerlike/lewensgetroue inligting weergegee het. Verdere aannames word later in hierdie studie gemaak en waar toepaslik, bespreek.

### 11 SLOTOPMERKING EN AANBIEDING

Hierdie hoofstuk gee 'n bondige uiteensetting van die doel, belang en hantering van die studie en word afgesluit met 'n opsomming van die verdere aanbieding van die studie.

#### **Deel I: Teoretiese agtergrond**

Literatuurstudies ten opsigte van die aspekte rondom waardes, kultuur, die gesin en die jong volwassene word in die onderstaande hoofstukke weergegee:

- Hoofstuk 2: Waardes en verwante konsepte.
- Hoofstuk 3: Die wisselwerking tussen kultuur en waardes.
- Hoofstuk 4: Die gesin as draer van waardes.
- Hoofstuk 5: Die jong volwassene.

#### **Deel II: Navorsingsmetodologie en die insameling van navorsingsgetuienis**

Die navorsingsmetodologie en die keuses van metodes en tegnieke word aan die hand van bestaande literatuur geregverdig. Die navorsingsverloop ten opsigte van die data-insameling word weergegee.

- Hoofstuk 6: Navorsingsmetodologie en –proses.

#### **Deel III: Navorsingsgetuienis, bespreking en gevolgtrekkings**

Navorsingsresultate van die studie is in die volgende hoofstukke weergegee:

- Hoofstuk 7: 'n Oorsig van die leefwêreld van die subjekte.
- Hoofstuk 8: Waardeprioriteite: Resultate en bespreking.
- Hoofstuk 9: Die oordra van waardes: Resultate en bespreking.

Analises en interpretasies van die navorsingsresultate word ook in die betrokke hoofstukke bespreek.

In Hoofstuk 10 is verdere interpretasies en opsommings van die resultate in Hoofstukke 7, 8 en 9 gemaak en daar is bepaalde gevolgtrekkings gemaak.

- Hoofstuk 10: Interpretasies, opsommings en gevolgtrekkings.